higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 4

(1011034)

22 November 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 2 bylaes.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Laat 'n reël tussen elke onderafdeling oop.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Nerv

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Menslike aktiwiteit wat deur 'n uitruilproses op die bevrediging van verbruikers se behoeftes en begeertes gerig is:

A Skaalbesparings
B Produksie
C Bemarking
D Aankope

1.1.2 Een van die vereistes om 'n brutomarge-ontleding op die plaas uit te voer is om …

A die netto inkomste op die plaas te bepaal.
B nie-kontant-inkomste te bepaal.
C om rente op totale kapitale belegging te bepaal.
D alle veranderlike koste op die plaas te identifiseer.

1.1.3 Geld wat in 'n boer se bankrekening inbetaal en onttrek word, staan as die … van die boerderybesigheid bekend.

A begroting
B kontantvloei
C bates
D oortrokke fasiliteit

1.1.4 Die vermoë om doeltreffend met ander mense om te gaan en jou visie aan ander belanghebbers bekend te maak, staan as die bestuurder se … -vaardigheid bekend.

A probleemoplossings
B finansiëlebestuurs
C interpersoonlike en kommunikasie
D besluitnemings

1.1.5 Die onderstaande skematiese voorstelling toon 'n … -kanaal van produkte.

Verspreiders → Kleinhandelaars → Kopers

A voorsienings
B entrepreneurs
C produksie
D beplannings

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Die volgende, BEHALWE …, is suksesfaktore vir entrepreneurskap.

A selfvertroue
B dinamika
C kreatiwiteit
D burokratiese ontleding

1.1.7 Riglyne vir die voorkoming van onregverdig arbeidspraktyk tydens dissiplinêre optrede teen werknemers word in die … uiteengesit.

A WVF ('UIF')
B gerekenariseerde mensehulpbronstelsel
C Wet op Sektorale Vasstelling
D Wet op Arbeidsverhoudinge

1.1.8 Die lopende insetkoste vir die aanplant van groente of die teel van slagdiere is …

A korttermynkoste.
B mediumtermynkoste.
C beleggingskoste.
D langtermynkoste.

1.1.9 'n Persoon wat die beste bepalings vir boere en verbruikers onderhandel is die …

A markkanaal.
B markagent.
C produsent.
D reklame-agent.

(9 × 1) (9)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n item/woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Inligting oor geld wat ontvang en uitbetaal is	A	standaardisering
1.2.2	Ontleed die plaas se vorige finansiële stand	B	diverse
1.2.3	Items wat nie onder enige opskrif onder inkomste en uitgawes in die kontantontledingsboek val nie	C	inligting oor produksieprestasie
1.2.4	Monitor vordering en neem regstellende optrede	D	aanvullende sekuriteit
1.2.5	Eenvormigheid van 'n groep produkte	E	kontantontledingsboek
1.2.6	Waarborg vir 'n lening	F	beheer
1.2.7	Strategie wat boere gebruik wanneer daar 'n gebrek aan stoorfasiliteite vir hul produkte is	G	historiese kontantvloei
1.2.8	Ontleding en verfyning van die plan	H	uitgestelde pryskontrak
1.2.9	Inligting oor hoe goed die produksieproses uitgevoer word	I	evaluering
		J	gradering
		K	evaluering

(9 × 1) (9)

1.3 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die SETA wat befondsing vir vaardigheids- en leerderskap-opleiding in die landbou organiseer en fasiliteer.

1.3.2 Mense wat oor die vermoë beskik om 'n unieke sakegeleentheid te herken en bereid is om die risiko te loop om hul eie onderneming ter begin.

1.3.3 'n Strategie waarvolgens 'n boer die risiko kan versprei deur in verskillende ondernemings te belê.

1.3.4 Groot produksiehoeveelheid wat vir die plaas 'n wins sal bring.

1.3.5 Die aanvraagvorm waarvolgens tred gehou kan word van alle geld wat uit die kleinkas onttrek word.

Kopiereg voorbehou

1.3.6 Die dokument waarin veiligheidsriglyne vir werkers en boere by die werk uiteengesit word.

1.3.7 Indien die koste van arbeid en toerusting vir die teel van hoenders baie hoog is, sal min boere pluimvee produseer.

(7 × 1) (7)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Definieer *bemarkingsamestelling* ('marketing mix'). (2)

2.2 Noem en verduidelik die kategorieë in die bemarkingsamestelling. (8)

2.3 Noem die SES stadia van die bemarkingfunksie vir braaihoenders. (6)

2.4 Boere trek grootliks voordeel daaruit wanneer bykomende waarde voor bemarking tot hul produkte toegevoeg word.

2.4.1 Gee DRIE redes waarom die plaasbestuurder waarde tot sy/haar produkte moet toevoeg. (3)

2.4.2 Gee TWEE voorbeelde om vir die plaasbestuurder te wys hoe hy/sy waarde tot sy/haar groente kan toevoeg. (2)

2.5 2.5.1 Waarom word kontantvloeibeplanning as 'n belangrike instrumente in finansiële bestuur van 'n plaas bestempel? (4)

2.5.2 Definieer *terugbetalingsvermoë*. (2)

2.5.3 Noem AGT faktore wat die terugbetalingsvermoë van 'n plaas beïnvloed. (8)
[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Noem EEN toestand waarom dit vir Riverdale Farm nodig word om buitefinansiering vir die plaas te verkry. (1)

3.2 Grond word oor die algemeen op grond van die produksiewaarde of markwaarde daarvan gewaardeer.

3.2.1 Verduidelik hoe die produksiewaarde van grond bepaal kan word. (2)

3.2.2 In 2017 het Riverdale Farm 'n netto inkomste van R750 000,00 getoon nadat lewenskoste verhaal is. Die plaas se opbrengskoers was 10%.

Bereken die produksiewaarde van Riverdale Farm. (2)

3.2.3 Noem VIER faktore wat gebruik kan word om die markwaarde van Riverdale Farm te bepaal. (4)

3.4 Noem VYF fisiese rekords wat Riverdale Farm moet byhou. (5)

3.5 Indien Riverdale Farm se bestuurder die plaasbegroting korrek voltooi kan dit haar met haar beplanning help. (5)

3.5.1 Noem VYF aspekte waarmee 'n onderneming se begroting kan help.

3.5.2 Noem NEGE faktore wat die plaasbestuurder moet oorweeg wanneer die jaarlikse begroting opgestel word. (9)

3.6 Boere kan erg benadeel word aangesien brandstof- en elektrisiteitspryse na verwagting in 2018 die hoogste in drie jaar was sal wees. Baie boere gebruik brandstof en elektrisiteit om hul landboumasjinerie aan te dryf.

Noem SEWE boerderybedrywe wat deur 'n verhoging in die prys van elektrisiteit en brandstof beïnvloed kan word. (7)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem en verduidelik DRIE verskillende finansiële state wat die plaasbestuurder van Riverdale Farm vir die plaas moet voorberei en byhou. (6)

4.2 Voltooi die kontantvloeistaat van Riverdale Farm vanaf Julie tot September 2018.

Skryf SLEGS die korrekte antwoorde langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

	JULIE	**AUGUSTUS**	**SEPTEMBER**
KONTANT ONTVANG			
Banksaldo (begin van die maand)	R28 000,00	R23 850,00	**(4.2.6)**
Kontantverkope	R22 000,00	R27 000,00	R30 000,00
Kredietverkope	**(4.2.1)**	R18 000,00	R29 500,00
Ander inkomste		R22 500,00	
TOTALE KONTANT BESKIKBAAR	R66 000,00	**(4.2.4)**	**(4.2.7)**
KONTANTBETALINGS			
Maandelikse uitgawes	R15 500,00	R15 500,00	**(4.2.8)**
Kontantaankope	R24 000,00	R44 950,00	R29 500,00
Terugbetaling van lening	R 2 650,00	R13 650,00	R23 650,00
Ander betalings		R36 820,00	
TOTALE KONTANTBETALINGS	**(4.2.2)**	R110 920,00	**(4.2.9)**
BANKSALDO (einde van die maand)	**(4.2.3)**	**(4.2.5)**	**(4.2.10)**

(10)

4.3 Bespreek hoe uitgesteldebetalingskontrakte Riverdale Farm by die produksie en bemarking van graan sal bevoordeel. (4)

4.4 Plaashekbemarking is een van die algemeenste bemarkingskanale wat boere gebruik – veral kleinskaalse boere en boere in verafgeleë landelike gebiede.

4.4.1 Noem TWEE voordele van plaashekbemarking. (2)

4.4.2 Noem EEN nadeel van plaashekbemarking. (1)

Kopiereg voorbehou

4.5 Gebruik die volgende inligting om die vrae hier onder te beantwoord.

Riverdale Farm produseer 50 kissies tamaties per week vir twee maande en het die volgende produksiekoste aangegaan:

Saad (4 000 saailinge)	:	R1,30/saailing
Misstof (drie sakke)	:	R150,00/sak
Lone (twee los werkers)	:	R1 500,00/maand vir elke werker
Opsiener se salaris	:	R5 000,00/maand
Plaagdoder (vyf liter gebruik)	:	R90,00/liter
Verpakkingsmateriaal (kissies)	:	R4,50/kissie
Ander koste	:	R4 500,00

4.5.1 Wat is die totale koste vir die produksie van die tamaties? (8)

4.5.2 Hoeveel kissies tamaties is in die twee maande geproduseer? (1)

4.5.3 Indien Riverdale Farm 'n wins van R8 600,00 getoon het, wat was die prys van die tamaties per kissie? (3)

[35]

VRAAG 5

5.1 Gee VYF redes waarom dit nie vir enige boer aanbeveel word om groot hoeveelhede voorraad op die plaas aan te hou nie. (5)

5.2 Gebruik die volgende pryslys om Riverdale Farm se kontantstrokie te voltooi. BTW word nie op vars produkte gehef nie.

Voltooi hierdie vraag op die aangehegte BYLAE A.

4 sakke	Aartappels	R49,50
11 bossies	Bos spinasie	R 6,50
4 koppe	Blaarslaai	R 4,50
1 kissie	Kissie druiwe	R20,00
3 kissies	Kissie tamaties	R50,00
4 bottels	Beet	R18,50
12 blikke	Tamaties	R23,60 (9)

Kopiereg voorbehou

5.3 'n Suiwelboer voorsien 'n hewige droogte tydens die komende winter. Sy besef dat sy 140 sakke voer sal benodig om die effek wat die droogte op haar melkkoeie mag hê te verminder. Sy dink daaraan om die voer by Umtiza aan te koop of om die voer self te produseer.

Aankoopkoste:
R115,00/sak as sy by Umtiza koop.

Produksiekoste per sak:
Vaste koste R95,00
Veranderlike koste R40,00

Bereken die totale koste van die voer en adviseer die bestuurder of dit goedkoper sal wees om by Umtiza te koop as om die voer self te produseer. Toon alle berekeninge. (8)

5.4 Gee SES redes waarom 'n plaasbestuurder tyd en geld moet bestee om 'n inligtingstelsel op die plaas te installeer. (6)

5.5 Noem die VYF ideale kenmerke van 'n inligtingstelsel vir Riverdale Farm. (5)

5.6 Noem TWEE voordele van die Werkloosheidsversekeringsfonds vir plaaswerkers. (2)
[35]

VRAAG 6

6.1 Gebruik die uitgawekant van Riverdale Farm se inkomstestaat vir 2018 om die volgende vrae te beantwoord.

Beantwoord vraag 6.1.1 op die aangehegte BYLAE B.

BESKRYWING	**BEDRAG (R,00)**
Bankkoste	1 440
Elektrisiteit en water	1 500
Bemarkingskoste	9 938
Voer	7 420
Saad en saailinge	1 980
Telefoon	720
Huurgeld	2 500
Kontrakteurskoste	1 800
Lewende hawe aangekoop	4 600
Misstof en kalk	1 570
Arbeid (lone)	33 200
Brandstof en smeermiddels	4 376
Versekering en lisensie	560
Herstelwerk en onderhoud	2 900
Salaris (plaasbestuurder)	120 000
Ander koste	580

Kopiereg voorbehou

6.1.1 Kategoriseer elk van die bostaande kostes as vaste of veranderlike koste. (18)

6.1.2 Bereken die totale vaste koste en die totale veranderlike koste. (2)

6.2 Riverdale Farm het in Augustus 2017 besluit om R150 000,00 in 'n nuwe onderneming te belê om braaihoenders en eiers van hoë gehalte organies te produseer. In November 2018 was die inkomste uit die belegging R195 000,00.

6.2.1 Bereken Riverdale Farm se opbrengs op belegging (OOB) vir die eerste jaar van die belegging.

Formule: $OOB = \frac{(\text{Wins uit belegging} - \text{Beleggingskoste})}{\text{Beleggingskoste}} \times 100$ (3)

6.2.2 Was Riverdale Farm se belegging om organiese braaihoenders en eiers te produseer 'n goeie belegging?

Gee redes vir jou antwoord. (2)

6.3 Om grane wat op die plaas geproduseer is vir 'n lang tyd voor gradering en bemarking te stoor, het Riverdale Farm se bestuurder besluit om die graan in silosakke eerder as silo's te stoor. Dit is noodsaaklik dat die grane gegradeer word voordat dit verkoop word.

6.3.1 Gee TWEE voordele van die gebruik van silosakke. (2)

6.3.2 Gee TWEE redes om aan te dui waarom Riverdale Farm die graan voor bemarking moet gradeer. (2)

6.3.3 Noem DRIE kontrakte wat Riverdale Farm se bestuurder kan aangaan wanneer h/sy tevrede is met die prys wat aangebied word. (3)

6.4 Noem DRIE maniere waarop plaaswerkers se salarisse/lone betaal kan word. (3)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 175
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

5.2

RIVERDALE FARM

KONTANTSTROKIE

Produk	**Hoeveelheid**	**Eenheidskoste (R)**	**BTW (14%)**	**Totaal (R)**
BTW				
TOTAAL				
KONTANT BETAAL				750,00
KLEINGELD				

(9)

Kopiereg voorbehou

BYLAE B

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

6.1

RIVERDALE FARM

6.1.1

VASTE KOSTE		**VERANDERLIKE KOSTE**	
Beskrywing	**Bedrag (R,00)**	**Beskrywing**	**Bedrag (R,00)**
Totaal			

(18)

New!

Kopiereg voorbehou